

30801/03-MLS

1

UITSPRAAK

Sneller Verbatim/MLS

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

PRETORIA

SAAKNOMMER: 30801/03

2003-11-28

5

<b>HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE</b>	
(1) RAPPORTEERBAAR	JA <u>NEE</u>
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS	JA <u>NEE</u>
(3) HERSIEN ✓	
DATUM <u>30/1/04</u>	 HANDTEKENING



10

In die saak tussen

FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME VAN SA

LIMPOPO

Applikant

en

15

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS LIMPOPO

Respondent

**UITSPRAAK**

DE VOS R: Die eerste applikant in hierdie aansoek is die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole Limpopo, 'n vereniging wat ingevolge sy grondwet met regs persoonlikheid beklee is.

20

Die tweede applikant is die Suid-Afrikaanse Onderwys Unie, 'n vakbond, behoorlik geregistreer ingevolge die bepalinge van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1996 "(die WAV)".

25

Die respondent is die departementshoof, die Departement van

30801/03-MLS

2

UITSPRAAK

Onderwys van die provinsie van Limpopo.

Die applikant voer aan dat die respondent besig is om vakante poste op die diensstate van openbare skole in die Limpopo te vul op wyse wat in stryd is met die duidelike voorskrifte van die Indiensnemings Wet en die regulasies daaronder uitgevaardig, sowel as sekere kollektiewe ooreenkomste tussen die partye. Die idee an die aansoek is om sodanige, na beweerde, onregmatige gedrag te stuit en andersins om die respondent so ver te kry om die betrokke statutêre en regulatoriese bepalings na te kom by die aanstelling van opvoeders en in die algemeen om die *status quo* te herstel voordat daar 'n aanvang geneem word verder met die beweerde onregmatige administratiewe optrede. 5 10

In kort het die volgende die aansoek voorafgegaan.

Gedurende Augustus 2003 het die skoolhoof van die Laerskool Pietersburg briewe ontvang van die respondent in terme waarvan die beheerliggaam ingelig is dat sekere sogenaamde botallige opvoeders geormerk is om oorgeplaas te word na die betrokke skool. Die beheerliggaam van die skool het na aanleiding van die skrywes op 20 Augustus 2003 saam met die vakbondvertegenwoordigers vergader ten einde onderhoude met die opvoeders te voer. 15 20

Die beheerliggaam het toe ook sekere van die botallige opvoeders geskik gevind en aanbeveel terwyl ander nie aldus geskik bevind is nie en die respondent is derhalwe dienooreenkomstig in kennis gestel.

Op 24 Oktober 2003 word die beheerliggaam egter deur die respondent ingelig dat die beheerliggaam nie geregtig was om 25

30801/03-MLS

3

UITSPRAAK

onderhoude te voer nie en dat die departement reeds bepaal het dat die geormerkte (die verwysing deur die respondent na geormerkte is "matched") opvoeders geskik is vir oorplasing na die skool en dat die opvoeders desondanks die afwesigheid van die aanbeveling van die beheerliggaam oorgeplaas word na die skool.

5

Op 30 Oktober 2003 het 'n amptenaar van die respondent by die skool opgedaag en kennis aan vier sogenaamde "tydelike" opvoeders gegee wat almal al geruime tyd in diens van die skool was, ongeveer tussen vier en sewe jaar. Die kennis was dat hulle dienste die volgende dag beëindig sou word, alhoewel hulle salarisse vir 'n periode van 30 dae, die sogenaamde kennisgewingsperiode, betaal sou word.

10

Die beheerliggaam is ook skriftelik kennis gegee dat botallige opvoeders eenvoudig na die skool oorgeplaas is kragtens artikel 8(5) van die Indiensnemings Wet, maar dat dit 'n tydelike oorplasing tot 31 Januarie 2004 is, waarna die posisie heroorweeg sal word. Soortgelyke optrede by ander skole in die provinsie word sedert 27 Oktober 2003 by die eerste respondent aangemeld.

15

Die applikante voor die hof is hier juis na aanleiding van die optrede.

20

Alvorens ek na die meriete van die aangeleentheid kan verwys is daar punte *in limine* wat deur die respondent geargumenteer is.

Onder andere voer die respondent aan dat die applikante voor die hof nie *locus standi* het nie. Wat die eerste applikant aanbetref is die 'n vrywillige Vereniging van Beheerliggame van Openbare Skole. Artikel 20(3) van die Skole Wet bepaal dat 'n beheerliggaam by 'n

25

30801/03-MLS

4

UITSPRAAK

vrywillige vereniging wat beheerliggame van openbare skole verteenwoordig kan aansluit.

Uit die missie van die eerste applikant soos omskryf in klousule 4 van die se grondwet, blyk die volgende:

"Om met behoud van outonomie van die lede met sowel die betrokke owerhede op alle vlakke van onderwys, voorsiening en besluitneming, as met ander onderwysvennote en belanghebbendes saam te werk, te onderhandel en te beding in die beste belang van skole en hulle beheerliggame."

Verder blyk dit ook dat die eerste applikant hom beywer vir die bevordering en uitbouing van die magte en bevoegdhede van beheerliggame, asook die beginsels van keuring en erkenning gebaseer op meriete en uitnemendheid. Daarbenewens is die doelstellings van die eerste applikant om as verteenwoordigende liggaam die gemeenskaplike belange van sy lede te dien en om die regte en bevoegdhede van sy lede te bevorder en te beskerm.

Ek meen dus dat uit hoofde hiervan aanvaar kan word dat die eerste applikant se grondwet aan die eerste applikant 'n belang by die dispute in hierdie aangeleentheid verleen en dat die aanstelling van opvoeders by openbare skole die eerste applikant direk raak. Ek meen nie dat daar enige aanduiding is uit die grondwet van die eerste applikant of andersins, dat die eerste applikant resolusies van sy lede nodig het alvorens hy hierdie hof kan nader nie.

Ek meen dus dat wat die eerste applikant aanbetref dié wel *locus standi* het in hierdie aangeleentheid.

Dit is gemeensaak dat die tweede applikant 'n vakbond is wat

30801/03-MLS

5

UITSPRAAK

behoorlik geregistreer is volgens die bepalings van die WAV. Die tweede applikant verteenwoordig opvoeders wat insluit die tydelike opvoeders wat hier summier ontslaan is, welke lede van die tweede applikant is, asook botallige opvoeders wat geregtig is om aansoek te doen vir vakante poste nadat die poste gepubliseer is ooreenkomstig die voorskrifte van die PAN.

5

Artikel 157(2) van die WAF bepaal dat die hooggeregshof konkurrente jurisdiksie het ten opsigte van 'n beweerde of dreigende skending van enige fundamentele reg in hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996 (die Grondwet) verskans wat voortspruit uit *Inter alia* die indienshouding en 'n geskil oor grondwetlikheid van enige uitvoerende of administratiewe handeling of optrede.

10

Voorts uit hoofde van die bepalings van artikel 33 van die Grondwet en veral die bepalings van die "Promotion of Administrative Justice Act," Wet nommer 3 van 2000 (die PAJA) het die tweede applikant wel 'n *locus standi*.

15

In die verband kan gekyk word na die beslissing in *Frederiks v MEC for Education and Training Eastern Cape and Others* 2000 2 693 C. Ek meen dus dat die eerste punt *in limine* nie kan slaag nie.

20

Tweedens is geargumenteer dat hierdie hof geen jurisdiksie het om die aansoek aan te hoor nie. Die respondent beweer dat die dispute in hierdie aangeleentheid voortspruit uit die aanwending van resoluë 2 van 2001 en derhalwe moes die dispute verwys word na die Raad op Arbeidsverhoudinge (RAVO) (of the Education Labour Relations Council) (ELRC).

25

30801/03-MLS

6

UITSPRAAK

Die respondent beweer voorts dat resoluëie 7 van 2002 wat 'n raamwerk uiteensit vir transformasie en herstrukturering soortgelyk voorsiening maak vir die verwysing van 'n dispuut na die Koördinerende Staatsdiensbedingingsraad.

Die eerste applikant en die beheerliggame wat lede is van die eerste applikant is egter nie vir doeleindes van hierdie aansoek werkgewers of werknemers nie en gevolglik nie lede van of die Koördinerende Staatsdiensbedingingsraad of die RAVO nie. As sodanig is die eerste applikant en sy lede ook nie ondertekenaars van en/of gebonde aan die betrokke regulasies waarop die respondent hier steun nie.

Op daardie basis alleen het hierdie hof wel jurisdiksie om die aangeleentheid aan te hoor.

In ieder geval meen ek en word daar verder in hierdie uitspraak daarna verwys kan die betrokke resoluëies waarop die respondent steun nie afbreuk doen aan die statutêre regte en bevoegdhede en werksaamhede van die beheerliggaam nie.

Daar is ook geargumenteer en my bevinding is, waarna ek ook later sal verwys, dat resoluëie 7 van 2002 in ieder geval reeds verval het.

Voorts is geargumenteer dat met betrekking tot die tweede applikant die dispuut handel oor die onwettige beëindiging van diens van opvoeders en gevolglike onbillike arbeidspraktyke moontlik daar kan stel. Dit sou beteken dat die arbeidshof jurisdiksie behoort te hê. Ek meen egter in die lig van wat reeds hierbo gesê is en ook die argument geopper met betrekking tot die basiese regte van die kinders

30801/03-MLS

7

UITSPRAAK

hier betrokke, hierdie hof buitendien die nodige jurisdiksie het om die aangeleentheid aan te hoor.

Daar is ook aangevoer dat die nie-voeging van die Minister van Onderwys en die Minister van Openbare Werke fataal is in die onderhawige saak.

5

Die argument skyn te wees dat die applikant poog om 'n beleid van hierdie ministers hersien en ter syde gestel te kry, eerder as 'n handeling van die respondent. Ek meen egter dat hierdie argument nie korrek kan wees nie. Dit blyk duidelik uit die eedsverklarings en die feite voor my dat die aanval nie op die beleid van transformasie gerig is nie, maar juis die wyse waarop die respondent hierdie beleid uitvoer en sy handeling in hierdie verband die onderwerp van die betrokke aanval is.

10

Onder hierdie omstandighede meen ek dat hierdie punt ook nie gehandhaaf kan word nie.

15

Daar is ook ander aspekte geopper deur die respondent, maar tydens die argument het Me Cassim, wat namens die respondent verskyn, sekere hiervan toegegee.

Oor die kwessie van die nie-voeging van die departementele taakspan moet ek saamstem met mnr Dreyer, wat namens die applikante verskyn het, dat eerstens, die departementele taakspan nie 'n aparte regsentiteit is nie. Die departementele taakspan is juis nie kragtens die Indiensnemings Wet die werkgewer van die opvoeders of verantwoordelik vir enige opvoeder se aanstelling, bevordering of oorplasing nie. Die taakspan is ook nie verantwoordelik vir die beëindiging van dienste van opvoeders nie. Ek meen dus dat hierdie

20

25

30801/03-MLS

8

UITSpraak

punt ook nie water hou nie.

Wat die argument aanbetref dat hier nie te make is met 'n administratiewe handeling nie, hang dit saam met die kwessie van die voeging van die ministers en meen ek is dit nie nodig vir my om apart na hierdie betrokke argument te verwys nie.

5

Laastens is geargumenteer dat die grondwetlikheid van sekere van die bepalings van die Indiensnemings Wet deur die respondent aangeval mag word en op grond daarvan die aansoek nie kan slaag nie. Die grondwetlikheid van artikel 6(3)(a) en (b) van die Indiensnemings Wet word deur die respondent aangeval as synde in stryd met artikel 195(1) en artikel 197(4) van die Grondwet.

10

Daar word op grond daarvan geargumenteer dat hierdie artikels derhalwe ongeldig is en sonder enige regs krag is en ek dit kan ignoreer.

In die lig egter van die beslissing *National Director of Public Prosecutions v Phillips and Others* 2002 4 SA 60 W 106 I tot 107 H, meen ek kan hierdie argument nie aanvaar word nie. Daar moet 'n aansoek voor hierdie hof wees vir regshulp in verband met die ongeldig verklaring van 'n betrokke artikel en die regshulp moet eers toegestaan word voordat ek die artikel by die uitleg van die ander regspraak kan ignoreer.

15

20

In ieder geval is daar ook nie deur die respondent voldoen aan die bepalings van Reël 17(a) van die hooggeregshofreëls nie. Ek meen dus dat hierdie punt *in limine* ook nie kan slaag nie.

Dit dan wat die punte *in limine* aanbetref.

25

Die applikante se saak berus op die volgende ter saaklike



30801/03-MLS

9

UITSPRAAK

regsvoorskrifte.

Artikel 2(a) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders, dit is Wet 76 van 1998 en hierin vantevore en daarna verwys na "as die Indiensnemings Wet," stel dit duidelik dat daardie wet van toepassing is op die indiensneming van opvoeders by openbare skole.

5

Die respondent as departementshoof, is die werkgewer van opvoeders verbonde aan openbare skole in Limpopo, ooreenkomstig die bepaling van artikel 3(1)(b) van die Indiensnemings Wet.

Ingevolge artikel 6(1)(b) van die Indiensnemings Wet is dit die respondent as departementshoof, wat verantwoordelik is vir die aanstelling, bevordering of oorplasing van opvoeders in diens van die Limpopo Departement van Onderwys.

10

Artikel 6(2) van die Indiensnemings Wet bepaal, onderhewig aan die bepaling van die hoofstuk waarin daardie artikel verskyn, die Wet op Arbeidsverhoudinge Nr 66 van 1995, of 'n kollektiewe ooreenkoms wat deur die Raad van Arbeidsverhoudinge in die onderwys gesluit is dat aanstellings in en bevorderings of 'n oorplasing na poste op 'n diensstaat van opvoeders kragtens die Indiensnemings Wet gedoen moet word ooreenkomstig die prosedure en die vereistes wat die Minister van Onderwys bepaal.

15

20

Artikel 6(3)(a) bepaal dat 'n aanstelling in of 'n bevordering of oorplasing na 'n pos op die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool slegs op aanbeveling van die beheerliggaam van die openbare skool gedoen mag word (wat ons reeds weet hier nie die geval was nie) en indien daar opvoeders in die betrokke provinsiale departement van onderwys oortollik tot die diensstaat van opvoeders van 'n

25

30801/03-MLS

10

UITSPRAAK

openbare skool op grond van bedryfsvereistes is kan daardie aanbeveling slegs van sodanige oortollige kandidate wat die departementshoof identifiseer en wat geskik vir die betrokke pos is, gedoen word.

Voorts word bepaal in artikel 8(1)(c) dat die departementshoof 'n opvoeder in diens van die provinsiale departement van onderwys kan oorplaas na 'n ander pos in daardie departement.

Ingevolge artikel 8(2) mag geen oorplasing na 'n pos op die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool gedoen word nie, tensy die aanbeveling van die beheerliggaam van die openbare skool verkry is.

Artikel 8(5) bepaal as volg:

"Die departementshoof kan, sonder 'n aanbeveling in subartikel 2, beoog 'n opvoeder tydelike vir 'n vasgestelde tydperk verplaas van 'n pos by 'n openbare skool na 'n pos by 'n ander openbare skool."

Hierdie bepaling moet gelees word saam met artikel 8(6) wat as volg lees:

"'n Opvoeder in subartikel 5 bedoel, moet na sy of haar vorige pos terugkeer aan die einde van die tydperk in daardie subartikel beoog."

Vergelyk die Suid-Afrikaanse Skole Wet, Nr 84 van 1996 (die Skole Wet). Ingevolge hierdie wet en meer spesifiek die bepalings van artikel 20(1)(i) het die beheerliggaam van 'n openbare skool die plig om aanbevelings met betrekking tot die aanstelling van opvoeders aan die respondente te doen, onderworpe aan die Indiensnemings Wet en

30801/03-MLS

11

UITSPRAAK

die DAV.

Dan is daar ook die personeeladministrasiemaatreëls (PAN). Hierdie maatreëls behels in effek regulasies wat deur die Minister van Onderwys in terme van artikels 34 en 35 van die Indiensnemings Wet afgekondig is waarvan, vir huidige doeleindes, slegs hoofstuk B ter sake is.

5

'n Verskeidenheid van bedryfsvereistes soos uiteengesit in paragraaf 2.4(a) veroorsaak dat opvoeders wat permanent in diens van die respondent is botallig verklaar kan word, wat wel in hierdie betrokke geval gebeur het.

10

Die betrokke paragraaf het egter vir alle praktiese doeleindes verval aangesien resoluë Nr 6 van 1998 gedurende 2001 herroep is.

Die metode wat kragtens die betrokke paragraaf aangewend moet word om botallige opvoeders weer in voltydse poste aangestel te kry is opsommenderwys die volgende. Ek verwys hier na paragraaf 2.4(c) en nie 2.4(b) nie.

15

- "1. Sodanige opvoeders kry voorkeur wanneer aanstellings gedoen word.
2. Alle vakante betrekkinge moet geadverteer word en gevul word in terme van paragraaf 3 van hoofstuk B."

20

Dit is egter onderhewig daaraan dat 'n poging aangewend moet word om botallige opvoeders wat weens bedryfsvereistes as sodanig verklaar is, in geskikte vakante poste by openbare skole te plaas en dat 'n provinsiale onderwys departement 'n geslote vakature lys mag publiseer, in welke geval die voorskrifte vervat in die betrokke resoluë van toepassing sal wees.

25

30801/03-MLS

12

UITSPRAAK

Daarbenewens beheer paragraaf 3.1 die advertering van vakante poste. Buiten vir die inhoud van sodanige advertensie wat aan sekere vereistes moet voldoen, is dit duidelik dat dit toeganklik moet wees vir die wat mag kwalifiseer of wat mag belangstel om aansoek te doen vir sulke poste. Alle vakante poste in openbare poste moet geadverteer word in 'n gazette, bulletin of omsendbrief. Die bestaan daarvan moet bekend gemaak word by wyse van 'n advertensie in die openbare media, beide provinsiaal en nasionaal.

5

Die inligting wat verskaf moet word in daardie advertensie, sal insluit kantore en adresse waar die gasette, bulletin en omsendkrywe verkrygbaar is. Die gasette, bulletin of omsendkrywe moet ook gesirkuleer word aan alle opvoedkundige inrigtings binne die provinsie, dus die wyd moontlikste verspreiding van die betrokke inligting.

10

Wanneer die beheerliggaam dan sy funksies in terme van artikel 20(1)(i) van die Skole Wet en hoofstuk 3 van die Indiensnemings Wet uitoefen moet dit die verpligtinge van die respondent teenoor dienende opvoeders eerbiedig.

15

Wanneer 'n beheerliggaam aansoeke ontvang van applikante uit die kategorie van botallige opvoeders is hulle verplig om sodanige kandidate, as wat geskikte kandidate blyk te wees te kortlys en gevolglik onderhoude met hulle te voer ten einde 'n aanbeveling aan die respondent te maak soos vereis deur artikel 6(3)(a) van die Indiensnemings Wet.

20

Die noodwendige gevolg is dat wanneer dit blyk dat 'n botallige opvoeder nie aldus geskik is nie, die beheerliggaam die betrokke opvoeder nie vir aanstelling kan aanbeveel nie.

25

30801/03-MLS

13

UITSPRAAK

Paragraaf 3.3 van hoofstuk B maak ook onder meer voorsiening vir kortlysting en onderhoude. Dit is die geleentheid wat 'n beheerliggaam het om van aangesig tot aangesig met 'n applikant om 'n vakante pos kontak te hê en te bepaal of sodanige kandidaat inderdaad geskik is vir die behoeftes van die betrokke pos by 'n betrokke skool voordat 'n beheerliggaam 'n aanbeveling vir die aanstelling van 'n kandidaat maak.

5

Die kollektiewe ooreenkomste of te wel resolusies hier ter sprake ontleen hulle bestaansreg uit hoofstuk 3 van die WAV. Die regsuitwerking van kollektiewe ooreenkomste word gereël deur artikel 24 hiervan.

10

Kortliks lyk dit vir my beteken dit eenvoudig dat kollektiewe ooreenkomste slegs van toepassing is op werkgewers en werknemers. Die respondent as departementshoof is die werkgewer en die opvoeders is die werknemers.

15

Die Minister van Onderwys kan 'n kollektiewe ooreenkoms se bepalings verhef tot regulasies. Ten spyte daarvan dat die bepalings van 'n kollektiewe ooreenkoms tot regulasies verhef kan word is namens die applikant aan die hand gedoen dat sodanige feit of die bestaan van 'n kollektiewe ooreenkoms nie kan afbreuk doen aan die bepalings van 'n statuut en in hierdie geval spesifiek die van artikels 6(3)(a) en 8(2) van die Indiensnemings Wet waarkragtens die oorplasing van 'n opvoeder na 'n openbare skool slegs gedoen kan word op aanbeveling van 'n beheerliggaam van 'n bepaalde skool nie.

20

Ek meen dat hierdie argument korrek moet wees, nie alleen omdat die betrokke wet natuurlik hoër rangeer in terme van werking

25

30801/03-MLS

14

UITSPRAAK

as die kollektiewe ooreenkoms nie, maar bloot omdat die partye wat nie betrokke was by die kollektiewe ooreenkoms nie, ook sekere regte verwerf het uit die betrokke wetgewing en geregtig is om daarop te steun.

Resolusie 2 van 2001 het ten doel gehad om die proses van rasionalisasie en herontplooiing wat deur resolusie 6 van 1998 teweeg gebring is te beëindig op 16 Julie 2001. Dit geld egter steeds. Daarvolgens is voorsiening gemaak dat opvoeders wat steeds botallig was en wat nie ooreenkomstig resolusie 6 van 1998 herontplooi is nie, steeds as addisioneel tot die diensstaat van 'n betrokke opvoedkundige instelling beskou word en dat opvoeders wat dan steeds botallig is nie uit diens gestel word nie, maar geabsorbeer word onder andere by wyse van oorplasing in ooreenstemming met die bepalings van die Indiensnemings Wet en natuurlik ook die bepalings van die PAN.

In paragraaf 2.5 van die betrokke resolusie word die regte en verpligtinge van beheerliggame met betrekking tot aanbevelings en aanstellings van opvoeders uitdruklik erken. Resolusie 7 van 2002 is ook ter sprake. Volgens die applikant het dié reeds op 12 September 2003 verval.

Indien gekyk word na die resolusie self en die bewoording daarvan, meen ek dat die argument geopper namens die respondent dat die resolusie nog nie verval het nie, nie kan opgaan nie. Die respondent voer aan dat die betrokke resolusie, omdat die doel van die resolusie nog nie bereik is nie, nog nie verval het nie. Die uitdruklike bewoording van die resolusie is egter dat dit vir 12 maande geldig sal

30801/03-MLS

15

UITSPRAAK

wees tensy dit vir 'n verdere periode van drie maande verleng word, dit beteken 15 maande. Die 15 maande het verstryk op 12 September 2003. Ek meen die resoluëie het op daardie datum verval.

Hierdie resoluëie het onder andere voorsiening gemaak vir:

"Matching and placement of staff at departmental level." 5

Dit is paragraaf 7.

En in paragraaf 8:

"Re deployment."

Tot die mate waartoe dit steeds ter sake is aangesien die respondent in 'n skrywe aan die skool op die "matching" proses 10 gesteun het en ook so doen in sy eedsverklaring is dit myns insiens belangrik om daarop te let dat paragraaf 4(d) daarvan uitdruklik verklaar dat dit 'n doelwit en beginsel van die ooreenkoms is om te voldoen aan alle toepaslike wetgewing wat natuurlik die 15 Indiënsnemings Wet en PAN en die beheerliggaam se regte daaronder insluit.

Ek meen dus dat teen die agtergrond van hierdie betrokke bepalings en die kort uiteensetting van die uitleg daarvan die applikant se saak dat die oorplasing van botallige opvoeders en die afdanking van tydelike opvoeders strydig is met hierdie bepalings en voorskrifte 20 beoordeel moet word.

Ons weet reeds dat die respondent op resoluëie 7 van 2002 as gedeeltelike regverdiging vir sy optrede steun. In die lig van die feit dat die resoluëie verval het meen ek is die steun daarop ongefundeerd. 25

Die respondent sê dan as dit die geval is, is hy geregtig om die

30801/03-MLS

16

UITSPRAAK

optrede te volg wat hy volg op grond van die bepalings van artikel 8(5) van die Indiensnemings Wet. Ek meen egter dat hierdie betrokke artikel kan slegs aangewend word wanneer 'n opvoeder in 'n bestaande pos by 'n opvoedkundige inrigting is en oorgeplaas word na 'n bestaande pos by 'n ander opvoedkundige inrigting en dan ook net tydelik en vir 'n vasgestelde tyd.

5

Dit is vir my duidelik at artikel 8(6) uitdruklik bepaal dat so 'n persoon na verstryking van die vasgestelde tyd teruggeplaas moet word in sy oorspronklike pos.

Dop posisie met botallige opvoeders is egter dat hulle juis nie meer tot die diensstaat van 'n opvoedkundige inrigting behoort nie en daarom natuurlik nie in terme van artikel 8(5) van die Indiensnemings Wet oorgeplaas kan word nie, dit - meen ek - volg vanself. Hulle word addisioneel tot die diensstaat genoem wat beteken dat hulle nie meer poste op die diensstaat van 'n betrokke opvoedkundige inrigting beklee nie. Dit beteken eenvoudig dat die bepalings van artikel 8(5) nie tot die beskikking van die respondent is nie.

10

15

Ek meen oor die algemeen dat die argumente van die respondent ter nagedagte aangevoer is. Dit is vir my duidelik dat die respondent van mening was dat hy kan optree op hierdie wyse op grond van die betrokke regulasie wat reeds verval het.

20

In die lig van die feit dat die regulasie nie meer bestaan nie en dat die respondent se optrede klaarblyklik in stryd is met ledere en elk van die bepalings reeds deur my aangeroen en waarop die applikante steun, meen ek dat daar geregverdiglik gesê kan word dat die respondent se optrede onregmatig is soos wat die doel van die

25



30801/03-MLS

17

UITSPRAAK

aansoek was om aan hierdie hof uit te wys.

Onder hierdie omstandighede meen ek is die applikant geregtig op die regshulp soos deur hom aangevra en verleen ek die volgende bevel:

'n Bevel word gemaak ooreenkomstig bede 2, 3, 4, 5 en 6 soos gewysig. 5

Bede 2.2 gewysig deur die woorde "in stryd met die bepalings van" te vervang met "kragtens".

Bede 3 word gewysig deur die woorde "alternatiewelik tot en met die einde van die huidige skooljaar" in 3.2 te skrap. 10

En wat koste aanbetref word die respondent gelas om die koste van die aansoek te betaal wat insluit die koste van twee advokate.

-----

15